

Donderdag 19 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 5:1-11; NGB Art. 11

Fokusgedeelte: Handeling 5:3, 4, 9

Die Heilige Gees is God

Daar is nie 'n "teks" waar die Drie-eenheid duidelik genoem, verduidelik of verklaar word nie. Dit is inderdaad soos ons bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 8, v/a 25 (lees dit asb.). Ons kan sê: Dit is hoe die Bybel "praat". Die hele Bybel is vol van die Drie-eenheid, maar nie in een enkele "dogmatiese" vers of bespreking nie. Tog is dit nie 'n onbelangrike of middelmatige saak nie. Iemand wat nie die Drie-eenheid aanvaar en bely nie, kan nie aanspraak maak op Christen-wees nie.

Die Drie-eenheid is een van die leerstellinge wat die Christendom uniek maak. En juis hierin lê 'n bewys dat die Christelike geloof nie deur mense uitgedink is nie, maar deur God geopenbaar is. Geen mens kan die kompleksiteit van dit wat die Drie-eenheid is, uitdink nie. ('n Ander uniekheid lê natuurlik in Jesus – God wat mens word, en die mens kom dien!)

Ons teksgedeelte handel oor Ananias en Saffira, en die straf wat oor hulle kom as gevolg van hulle oneerlikheid oor die verkoopsom van hulle eiendom. Maar in vandag se oordenking val die klem eerder op twee frases wat parallel gebruik word. In vers 4 word gesê: "Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir *God*." In vers 3: "Hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die *Heilige Gees* te lieg ..." Dit maak dit duidelik: Die Heilige Gees is self God.

Juis daarom kan ons nie die Heilige Gees reduceer tot 'n mag of krag of werking van God nie, maar eer ons Hom, aanbid ons Hom as God. Saam met die Vader en die Seun, een ewige en almagtige God. Binne God se raadsplan neem elkeen van die Persone van die Drie-eenheid 'n eie verantwoordelikheid of taak op. Die Heilige Gees neem dit op Hom om die uitverkorenes van God te heilig – opsy te sit deur hulle te oortuig van hulle sonde, die noodsaak vir 'n Verlosser, tot geloof en bekering te bring, en daarna te lei in 'n lewe van daaglikse dissipelskap.

Mens kan die werk van die Gees weerstaan (Hand. 7:51; Ef. 4:30), maar omdat Hy GóD is, bring Hy elke kind van die Here by die eindbestemming uit – die ewige heerlikheid (Ef. 1:14). As ware kind van God is jy ook veilig in die hande van die Heilige Gees.

Gebed: Vader, ons dank U vir u Gees wat ons lei na Golgota en na 'n nuwe lewe saam met U! Amen.

Sing: Skrifberyming 12-3:1-2

Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)